GEMEENTEBULLETIN

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR
TUINEDAL
huisgesin van God

GEEN Erediens in die kerkgebou nie.
Stemposboodskap per WA en op die webblad
Skakels na aanlynkerk[Moedergemeente Stellenbosch] ook op die webblad.

- Ons het die reeks oor die vrug van die Gees voltooi.
- Die volgende reeks se tema is: **7 Weke wat geloof laat groei**.
- Die duur van die skoolvakansie en die 3de vlaag van Covid-19 infeksies sal bepaal wanneer ons met die nuwe reeks begin. Ons sal julle per sosiale media op hoogte hou.
- Soos gebruiklik word daar nie 'n huiskerkliturgie gedurende vakansies uitgestuur nie. Sondagoggende sal 'n 15 minute stemposboodskap op WhatsApp beskikbaar wees. Kontak die kerkkantoor op 061 470 3626 indien u dit per WA wil ontvang.
- Alternatiewelik kan ingeskakel word by die aanlyneredienste van Moedergemeente op Stellenbosch met wie ons in vennootskap is. Die skakel sal Sondae per WA aangestuur word en is ook op die webblad beskikbaar.

'n Eietydse verklaring…

- "In hierdie tye is ons as gemeente verenig in gebed voor God.
- Ons bly die liggaam van Christus, al vergader ons nie saam in geboue nie.
- Ons bly God se geliefdes, al voel dit soms nie so nie.
- God is en bly in beheer, al twyfel ons soms.
- Ons sug voor God en Hy hoor.
- Geliefdes, God seën ons met sy teenwoordigheid."

- Oorgeneem uit 'n e-pos van moedergemeente Stellenbosch

Die gebou mag dalk toe wees, maar kerk gebeur oral waar ons beweeg. Daarom wy ons onsself as geloofsgemeenskap opnuut daaraan toe om in hierdie uitdagende tye nie *minder* nie, maar *méér* kerk te wees; om daar waar ons woon en werk Christus se nabyheid sigbaar te maak in ons omgee vir mekaar; om as getroue ambassadeurs liefde te gaan leef en doen.

Snapscan QR-kode vir maklike betaling

Nedbank: Rekeningnaam: NGK George-Tuinedal, Tjekreknr: 114 289 5416, Takkode: 198-765

'n Oproep tot offervaardigheid

Met COVID-19 het ons baie van ons fondsinsamelings soos basaars en kuieraande (soos die Surf en Turf-aand van 25 Junie) afgestel. Daar is ook geen eredienste wat gevolglik 'n invloed op ons bank- deurkollektes het. **Ons enigste bron van inkomste is lidmate se maandelikse bydraes / tiendes**. Die finansiëlekomitee versoek die gemeente om steeds die bydraes (soos skenkings vir 'n basaar of jou deurkollekte) elektronies in te betaal om die volgehoue effektiewe bediening van die gemeente te verseker. Ons het **veral behoefte aan skenkings vir ons Koskombuis en Noodvoeding.**

Baie dankie aan almal wat getrou julle bydraes gee.

"En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk."

- 2 Kor 9:8

VOORBIDDING

Jakobus 5:16 "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."

- ...vir **veiligheidspersoneel**, die SAPD en die Weermag om kalmte en stabiliteit in Gauteng en KZN te bring
- **...vir die gesondheidsektor wêreldwyd,** vir die bekamping van die Koronavirus, die ontwikkeling van meer effektiewe teenmiddels en geneesmiddel en vir mense wat die virus onder lede het.
- **... dank die Here vir die van ons wat gesond is nadat ons die virus opgedoen het.**
- ...vir die **welstand van gesinne**. Ons bid spesifiek vir emosionele, fisiese en geestelike welwees. Ons bid opnuut vir vreugde en balans in hul lewens.
- ... vir die **inentingsveldtog,** dat dit vlot en vinniger sal verloop sodat ons groeter beskerming kan geniet teen die virus.
- ...vir ons internasionale **sendelinge**: Gerhard en Nadine in China; Stéphan en Carina & Elmar en Nadine in Japan. Ook vir ons binnelandse **sendelinge**: Grant en Loki in Port Elizabeth wat onder die studente by NMU werk & E.J. en Koekoes in Kammieskroon onder YFC.

***Siekes en ongesteldes* in ons gemeente:**

Oud lidmaat **Hannetjie Raath** (Covid),**Lynette Ackermann** (longe), **Robbie J v Rensburg** (kanker), **Werner Ekron** (val, operasie), **Anelda Jacobs** (14 kanker, vergrote hart), **Judy** (kanker), **Annalisa** (kanker), **Marlyn van Rooyen** (kanker), **George Delport** (kanker) en **almal wat herstel na kankerbehandeling**.

VERJAARSDAE

Baie geluk!

Maandag 19 Julie: Elize Barnard BW2, Johanellé Kotze Dor5,
Dinsdag 20 Julie: Susan de Kock Bos3 & Valescka de Swardt GS2
Woensdag 21Julie: Sam van Rooyen K1
Vrydag 23 Julie: Drina van der Bank BW4, Pieter van Niekerk K2, Leesha Potts PA2 & Francois von Brandis BW2

GW = Groeneweide Park, BW = buitewyk, Dor = Dormehlsdrift, GS = George Suid, Bos = Bos en Dal, PA = Pacaltsdorp, K = Kingswood en King George Park & RR Rooirivier Rif.

Die impak van COVID -19

- Tans is George in die begin van die 3de vlaag van die Covid 19 pandemie. President Ramaphosa het aangepaste vlak 4 beperkings in werking gestel. Dit beteken dat geen geestelike byeenkomste behalwe begrafnisse gehou mag word nie.
- Aangesien in-persoon eredienste nie mag plaasvind nie, sal ons boodskappe in Tuinedal slegs aanlyn en per WA beskikbaar wees tot verdere kennisgewing.
- Die kerkkantoor is *telefonies* oop Maandae, Woensdae en Vrydae van 09h00 – 12h00 (044 873 4383 /061 470 3626 of per e-pos: admin@tuinedal.co.za
- Ds Pieter is vanaf 23 Julie tot 23 Augustus met Sabbatsvelof. Kontak asb die kerkkantoor indien jy 'n leraar benodig. Daar is 4 predikante op bystand vir pastorale nood. Drew sal jou in kontak met hulle bring.

As huisgesin van God...

...wil Tuinedal 'n **veilige ruimte** wees waar goed **versorgde** en **toegeruste** lidmate **GESTUUR** WORD na 'n stukkende wêreld – tot **eer van God**.